

Kaapstad, 13 November 1971

Deel 45 No. 44 Volume 45

Cape Town, 13 November 1971

**VAN DIE REDAKSIE**

**EDITORIAL**

## **Rehabilitasieklubs**

Vir 'n pasiënt wat 'n ileostomie of 'n kolostomie ondergaan het, is die aanpassing wat dit verg om vir die res van sy of haar lewe met die resultate van die operasie saam te leef, dikwels die moeilikste deel van die hele aangeleentheid. Dieselfde geld vir vrouens wat borsamputasies gehad het of vir persone wat 'n laringekтомie ondergaan het. Die geneesheer kan die diagnose stel, die operasie uitvoer en sorg dra dat alles daarna vlot verloop, maar met die geestelike heroriëntasie kan hy net gedeeltelik hand bysit.

Hoeveel dokters weet in die fynste besonderhede hoe om 'n ileostomie van dag tot dag te hanteer, sodat hy sy pasiënt noukeurige advies kan gee oor die klein, lastige en praktiese probleempies wat gedurig opduik? Kan selfs die toegewydste huisarts in detail aan sy laringekтомie-pasiënt verdadelik hoe om sy spraak van dag tot dag te verbeter of hoe om die verleenheid wat sy haas onhoorbare stem in die poskantoor gaan veroorsaak, te bowe te kom?

Onder beskerming van die Nasionale Kankervereniging bestaan daar vandag klubs wat daarop gemik is om al die moeilikhede wat hierdie rehabiliterende persone ondervind, die hoof te bied. Die Reik na Herstel Vrywilligersgroep bestaan uit vrouens wat borsamputasies ondergaan het. Hierdie vrywilligers word dikwels gevra om pasiënte te besoek voor hulle chirurgie ondergaan, ten einde te verseker dat die regte geestesagtergrond geskep word. Noue kontak met iemand wat reeds die paadjie deurloop het en wat bo uitgekom het, is vir die pasiënte op die voorraad van hul operasies van onskatbare waarde. Hierdie groep het onlangs 'n simposium gehou en die belangstelling

vir hul werkzaamhede was bewys van die goeie werk wat hulle doen.

Die Klub vir Stembandloses is ook reeds welbekend en die aantal post-laringekтомie-pasiënte wat deur hul ondersteuning weer ewewig behaal het neem jaarliks toe. Dit is vir die stadsbewoner maklik om gespesialiseerde hulp en onder-skraging te vind, maar vir die plattelander wat ná afloop van sy operasie as die enigste persoon met óf 'n laringekтомie óf 'n kolostomie op 'n klein dorpie gaan woon, is dit nie so eenvoudig nie. Dit is aan sulke mense wat die hand veral gereik word deur die verskillende klubs waarvan die Ostomievereniging die nuutste van die trio is.

Die vierde Bulletin van die Ostomievereniging het pas verskyn en daaruit blyk dit hoe deeglik en prakties die rehabilitasie werk aangepak word. Ons as geneeshere weet almal uit dure ervaring dat die geduldigste verduideliking aan die pasiënt in die spreekamer nog nie al die vrae gaan dek wat na 'n operatiewe ingreep hul kop gaan uitsteek nie. Trouens, mens is dikwels verbaas oor die skynbaar elementêre maar nogtans belangrike vrae wat gestel word—vrae waaraan die dokter op sy eie nooit aandag sou gegee het nie. Onder die opskrif 'Seks—Is Dit Werklik 'n Probleem?' verskyn daar in die Bulletin 'n uiteensetting van die psigiese probleme waarmee die jong ostomie-pasiënt gedurende sy hofmakery te doen gaan kry—uiters belangrik, maar word dit altyd as deel van die postoperatiewe spreekamerkonsultasie aan die pasiënt verduidelik?

Hoewel die Nasionale Kankervereniging, as beskermende liggaam, daarvan bewus is dat nie alle ostomie-pasiënte of alle persone met laringektomie aanvanklik aan kanker gely het nie, is die

samesnoering van dié mense so belangrik dat die Vereniging onderneem om 'n helpende hand (ongeag die oorsprongspatologie) aan enigiemand uit te strek as daar by hulle aangeklop word—'n mooi gebaar.

Enige leser wat sy of haar pasiënte verdere infligting oor dié belangrike klubs wil gee, kan by die Nasionale Sekretaris, Die Nasionale Kankervereniging van Suid-Afrika, Posbus 2000, Johannesburg aanklop. Die hulp is daar, ons moet net vra.

## Ethics Is for Everyone

The mere mention of the word ethics creates an aura of mystique and intrigue—of something unique pertaining to doctors only. We even get the impression that medical men through the ages have deliberately fostered this attitude of awe in order that the public will retain the feeling that the status and dignity of the medical profession is embodied, not in their actions, but in their ethical code.

The public is frequently under the impression that the ethical rules by which doctors conduct their practices are there to safeguard the interests of the profession. Exactly the converse is true. Strict ethical standards are necessary to ensure that the patients are never short-changed in any way. Only very few of the rules under the Medical and Dental and Pharmacy Act of 1928, pertain to the conduct of doctors among themselves. By far the majority are intended to entrench the right of the patient to demand and receive only the very best medical attention, and, in such a way that he will never feel that he has not been given the opportunity of stating his case, should there be any reason to doubt the integrity of the treating physician.

It is time to bring to the notice of our patients the happy fact that the medical profession will

deal severely with any doctor who, in any way, acts contrary to the best interests of his patient. Remarks pertaining to the so-called select club to which doctors belong, and suggestions about the mutual support among colleagues in order that their own interests will always be safeguarded, not only hurt, but they are completely false. Long before the general public becomes aware of any misdeed in the medical profession, the Medical and Dental Council will be in readiness to act should it receive a complaint. It is true that many of the strict rules of conduct for doctors are not known to the public, even though they have been designed for their safety and wellbeing.

The Medical Association has always been adamant that the rights of the patient never be violated in any way. A free choice of doctor is one of the basic rules of the Association and at times we have had to take a firm stand in order to prevent medical schemes from denying their members this right. It is, in fact, one of the prime reasons why the profession is opposed to benefit schemes.

Let us all do our best to get it across to the public that our standard of ethics is designed, not to enhance our status, but to ensure the patients health and safety.